

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
11 Mei 1975

Onderwerp: Spreek HERE
Biddag vir studente

Lees: 1 Samuel 3 verse 1 tot 10

Teks: 1 Samuel 3 vers 10

Sing: Psalm 8 verse 1 en 4
Gesang 12 vers 4
Gesang 156 vers 5

“Ons sou graag bo-aan hierdie boodskap wou skrywe: ‘Net vir kerkmense’. Nie omdat ons aan geestelike snobisme ly, of selfsugtig is nie, maar omdat ons ... skaam is.

“Ons sou dit liever onder die oog van die wêreldling wou uithou - hierdie vernederende verhaal wat hom in die tempel afspeel, voordat die ‘Spreek HERE’ van ons teks eindelijk gehoor word.

“Hierdie boodskap is dan ook in die eerste plek bedoel vir gelowiges, vir kerkmense.

“Was u ouers gelowiges?

“Is u in u eerste lewensjaar gedoop?

“Het u so te sê in die kerk groot geword?

“Het u tussen 16 en 20 ’n lidmaat geword?

“Besoek u die kerk en gebruik u Nagmaal?

“As ons met hierdie vrae ’n soort bestekopname sou maak van ons godsdiens-agtergrond sou ons glad nie sleg vaar nie. Die meeste van ons sou volpunte kry. Honderd persent!

“As dit by ons so gesteld is, dan moet ons luister, want hierdie teksgedeelte waarsku ons juis dat hulle wat in die kerk groot geword het en veronderstel is om die HERE die beste te ken en wie vir Hom moet lewe, dikwels die verste van Hom af is.

“Hierdie skrifgedeelte wil vir ons sê: Wie op die tempelbed slaap, slaap dikwels die vasste.

“Samuel was ’n kind van die gebed, ’n kind van trane en van gelofte. Die onvrugbare Hanna het die smart van haar kinderloosheid voor God in sy Tempel uitgeween. Sy het haarself met ’n dure gelofte voor God verbind: ‘... as U waarlik die ellende van u diensmaagd aansien en aan my dink en u diensmaagd nie vergeet nie, maar u diensmaagd ’n manlike kind

skenk, dan sal ek hom aan die HERE gee al die dae van sy lewe'. (1 Sam 1:11)

"En die geloof het nie te veel verwag nie. God het hierdie moeder se gebed gehoor en verhoor: 'En by die wisseling van die jaar het Hanna, wat swanger was, 'n seun gebaar en hom Samuel genoem; want, *het sy gesê*, ek het hom van die HERE gebid.' (1 Sam 1:20)

"En Hanna het onthou: 'dan sal ek hom aan die HERE gee al die dae van sy lewe'.

"En so word Samuel die gebedskind, 'n tempelkind. As kleuter neem hy sy intrek in die kerk en het daar groot geword. Omgord met 'n linne skouerkleed dien hy later as seun voor die aangesig van die HERE en ons lees: 'Maar die seun Samuel het toegeneem in grootte en in guns by die HERE sowel as by die mense. (1 Sam 2:26)

"Wonderlike getuienis van 'n jong lewe wat alleen deur die Christuskind oortref kon word.

"Nou kom die HERE en Hy roep: 'Samuel.' Eenmaal, tweemaal, driemaal. Driemaal word sy naam dubbel genoem: 'Samuel, Samuel.'

"Maar Samuel verstaan nie. Hy hoor die geroep, maar meen dat dit Eli is. Eli stuur hom telkens terug.

"Samuel verstaan nie. Dit is vir hom alles só verwarrend. Kan tog nie wees dat sy ore hom bedrieg nie. Nee, daar is dit weer: 'Samuel, Samuel'.

"Hy sal maar weer gaan hoor of dit tog nie Eli is nie.

"Hoe is dit moontlik? Is dit nie die toppunt van geestelike stompsinnigheid nie. Ons hoef nie lank te wonder nie, want die Bybel gee vir ons die antwoord: 'Maar Samuel het die HERE nog nie geken nie.' Netso staan dit daar in vers 7: 'ook was die woord van die HERE nog nie aan hom geopenbaar nie.' (1 Sam 3:7)

"Samuel groei op in die Tempel. Samuel slaap op die tempelbed. Maar Samuel ken die HERE nie. Hy ken nie God se stem wanneer Hy na hom roep nie.

"Oor en oor moes God na hierdie seun roep. Eers met die vierde keer het hy verstaan.

"Jona, die ongehoorsame, het die woord van God slegs twee maal gehoor en dit was genoeg.

"Vir Saulus (Paulus), die geweldenaar en vervolger van die gelowiges, was een roepstem genoeg.

"Vir Samuel wat op die tempelbed lê en slaap, moet God vier maal roep voordat daar reaksie is.

"As ons soek na die rede vir Samuel se optrede, kan ons sê:

“Samuel het opgegroeï in ’n omgewing waar elke voorwerp, die altar, die kandelaar, ja alles, van God se teenwoordigheid spreek het. Samuel was tot in die fynste besonderhede vertrou met die tempellewe. Hy was tempelkind en kerkmens by uitnemendheid. Maar alles was buite-om God, want toe God spreek, toe verstaan hy nie.

“Dit, Broers, Susters en Jongmense, is vandag nog waar, dat gelowige kerkmense dower is vir God se Woord as die heiden. God moet met ons hard praat voordat ons hoor. Die slaap van die kerkmens is dikwels dieper en vaster as dié van die heiden. Die rus op die tempelbed is só soet, dat ons God nie hoor en verstaan as Hy roep nie.

“Miskien is dit omdat die Godsdien, die Bybel, die gebed vir ons te alledaags geword het. Daar is by ons nie meer die ingehoue verwagting van seën en van ontmoeting met Jesus Christus nie.

“Die tempellewe vloeï stil en rustig en só verkies hulle dit. En die Evangelie, wat soos ’n elektriese geleidraad in ons midde gelê is, moet só goed geïsoleer wees dat dit ons nie sal skok as ons daarmee in aanraking kom nie.

“Op hoeveel van ons kerkmense maak die verkondiging van die Woord nog ’n indruk?

“Hoeveel verwag nog dat daar by die verkondiging van die Woord iets sal gebeur?

“Of miskien het ons te nugter geword vir ons Godsdien. Ons raak nie meer bewoë nie. Ons ken nie meer die verterende smart oor ons sonde nie. Ook nie meer die oorstelpende vreugde van vergifnis nie. Ons sien ons Godsdien met alte nugtere oë en verstand. Vir die aangrypende wonder van ontmoeting met God word die ruimte al minder.

“Miskien is dit omdat God nie meer tot ons spreek deur storm en ramp soos met Jona, Job en ander nie.

“U het in ’n Christelike ouerhuis groot geword, gedoop, Sondagskool, Katkesasie. U is ’n lidmaat van die kerk. U is moontlik ’n voorganger van die gemeente.

“Maar ken u die Here Jesus?

“Of is u, soos die Atheners van ouds, besig met ’n godsdien aan ’n onbekende god?

“Dit is natuurlik ’n gerieflike soort godsdien. Dit vra nie veel nie. Maar so ’n godsdien bied ongelukkig ook nie veel nie. Dit laat ons onvergenoegd en sonder vreugde in die hart. In so ’n godsdien is daar geen oorwinning oor sonde of geestelike groeikrag nie.

“Om Jesus Christus te ken, beteken om ook die krag van sy opstanding te ken. Maar dan ook gemeenskap in sy lyding en gelykvormigheid aan sy dood. Jesus Christus leef in ons alleen na mate die ou mens in ons gedood is. En dit kom nie vanself nie. Nee, hy moet gedood word. Maar dit is oor en oor die moeite werd! Om Jesus só te ken, sê Paulus, is wins. En hy is gewillig om ter wille van hierdie wins, alles skade te ag.

“Dit is ’n bedenklige toestand, dat die kerkmens so hardhorend geword het. As dit so is, is die tyd daar dat die oordele van God by sy Huis sal begin.

“Samuel hoor nie, omdat daar by hom ’n groot misverstand is. Samuel sien die HERE aan vir ’n mens. Die Godspraak is vir hom die stem van Eli. Hy wil die bonatuurlike in terme van die natuurlike verstaan. Hy is so horisontaal ingestel dat hy die vertikale bemoeienis van God in sy lewe nie begryp nie. Hy mis die hemelse perspektief. Die Woord van God is vir hom maar net nóg ’n woord.

“Ook hierin is Sameul ons broer. Hoe dikwels praat God dan nie ook met ons, sonder dat ons verstaan en antwoord nie.

“Nie dat ons nie hoor nie, maar ons leef rustig voort met die vergissing dat ons maar net met ’n mens, die dominee, te doen het.

“Ons voorspoed skryf ons nie aan God toe nie, maar aan ons eie inisiatief, beplanning, denkvermoë en arbeid. Daarom sien ons, ons besittings as ons absolute besit en moet God met die krummels tevrede wees.

“Ons leef realities en dink filosofies oor die dinge wat daagliks om ons gebeur en sien nie die hand van God daaragter nie.

“Ons beleef dood, siekte, misoeste, rampe, ensovoorts, maar soos in die dae van Amos verstaan ons nie God se bedoeling nie en bekeer ons, onself nie.

“Ons luister só na die mens, dat ons Sondae die afspraak van God met my lewe misloop.

“Ons gebed moet wees tot God wat ons hoor en nie ’n horisontale aardsgebonde geestesinstelling nie.

“Samuel hoor nie, terwyl God hom nodig het as getuie. God het werk gehad vir Samuel. Daar was vir hom ’n plek in die Goddelike raadsplan gereserveer. ’n Plek wat nét Samuel kon vul. Daar was ’n boodskap wat juis hý moes aflewer en nogtans begryp en verstaan Samuel nie God se roepstem nie.

“Soos met die gelykenis van die onvrugbare vyeboom: hoe dikwels het God nie al by u lewe kom staan en roep nie?

“Hy staan nou weer by ons, hier in die Pinkster.

“Kan u sy roepstem hoor?

“Wil u nie soos Samuel antwoord en sê: ‘Spreek, want u kneg hoor’ nie?

“Toe Samuel eindelijk gehoor het, was hy gehoorsaam.

“Seuns, Dogters en Ouers, God het u nodig. U moet die lig en die sout vir hierdie wêreld wees.

“Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeente sê.

“Amen.”